BEROEPENUUS—16 Feb. 2014

Beroepe ontvang-

Prop DJ de Bruyn na Barkly-Oos/Maclear-Elloit-kombinasie
Ds. WJ Botha van Bloemfontein-Noord na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai
Prop MH le Roux na Newcastle
Prop ID de V Potgieter na Rietvallei as medeleraar
Ds. LJE Venter van Hoedspruit na Kimberley

Beroepe aanvaar

Ds. DJA Booyens van Dendron/Magalakwin na Koster

Beroepe bedank

Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Rustenburg-Wes as medeleraar
Ds. CJ van Vuuren van Hartbeespoort na Phalaborwa

Calvyn en die Christelike feesdae – Ds. C Kleijn– *vervolg van verlede week*

Calvyn in Genève 1536-1538

Vir Calvyn en Farel was dit belangrik dat die eenheid op kerklike wyse tot stand gebring sou word en nie op bevel van die owerheid nie. Die owerheid van Genève het egter van hulle verlang dat hulle onmiddellik die feesdae weer sou invoer en nie sou wag op die sinode van Zürich nie. Toe Calvyn en Farel geweier het om dit te doen, was dit een van die deurslaggewende redes vir die verbanning van die predikante. Daarna het die Raad van Genève besluit om die vier feesdae weer in te stel en is arbeid op daardie dae verbied.

Calvyn se gematigheid

Toe Calvyn in 1541 na Genève teruggekeer het, het hy die feesdae rustig laat voortbestaan. Hy skryf daaroor: "By my terugkeer kon ek in een oomblik onder byval van die meerderheid omverwerp wat in my afwesigheid besluit was, maar ek het my stil gehou. Alleen daaroor kon ek nie swyg nie, dat dit verkeerd was om die dag van die besnydenis van Christus te vier met verbygaan van sy sterfdag."Die feesdae was vir Calvyn geen beginselkwessie nie. Hy wou ook nie hê dat ander mense daarvan 'n beginselkwessie sou maak nie. Wat vir hom wel 'n beginselsaak was, was dat die owerheid geen seggenskap in kerklike sake het nie. Uit sy korrespondensie met die predikante van Montbeliard van Oktober 1543 is dit duidelik dat Calvyn 'n genuanseerde posisie ten opsigte van die feesdae inneem. Die predikante het vir sy advies gevra na aanleiding van 'n besluit van die hertog van Württemberg om Lutherse gebruike in die kerke in te voer. Calvyn skryf dat hy wens dat die predikante standvastiger sal wees in hul afwysing van die feesdae. Hulle moet egter nie teen alle feesdae sonder onderskeid stry nie, maar spesiaal teen die feesdae wat nie tot die stigting van die gemeente bydra nie en 'n bygelowige karakter vertoon. Dan het hulle 'n aanneemlike grond vir verset.

Word vervolg

Vandag – Amelia Boshoff 0123230248	19/02– Marie Eloff 0820869651
Vandag – Kariena van der Walt 0826588957	19/02– Coenie van Jaarsveld 0829265423
17/02– Ruben Venter 0844053309	22/02– Pieter van Staden 0722045155
18/02– Minette Vorster 0825511656	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Die kortste draai is die omdraai. So kort dat hy swaar is. – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

16 Februarie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
(Belydenisaflegging)
Skriflesing: Markus 8:27-9:1
Teks: Markus 8:29,34
Sing: Ps.118:1,12; Sb.33:3 (2-4:3); Ps. 118:11; Sb.40:1,7 (15-4:7); Ps. 105:5

JULLE, WIE SÊ JULLE IS EK

Ons wat vandag getuies is van hierdie besondere geleentheid tot openbare belydenisaflegging, ons hoor Jesus sy dissipels 'n tweede keer die vraag vra- *Maar julle, Wie sê julle is Ek?*

Nou kan niemand meer los en buite, hom/haarself praat nie. Dit raak 'n totaal persoonlike vraag, wat jou hart en elke deeltjie van jou lewe, binne en buite jou moet opeis.

KATKISASIE– Katkisasie gaan normaal voort
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
(Doop– verbondskindjie Chantelle Netto)
Skriflesing: Jesaja 30:19-26
Teks: Jesaja 30:21
Sing: Ps. 98:3; Ps. 128:4; Ps. 86:6; Ps. 89:6

DIE WOORD AGTER JOU

In hierdie klompie verse kom God se seëninge een vir een na vore. Daar sal troos wees, geen gehuil en trane meer nie, God se Woord sal geleer word, ja ons teksverse wys in besonder hierop, God se Woord sal 'n stem wees, wat heeltyd agter jou bly praat.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 24 en 25
Ouderlinge: Johan de Jonge en Willie J/v Rensburg
Diakens: Johan du Plooy en Marinus Lorist

Volgende Sondag (23/02) – Wyke 1 en 2
Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos van der Merwe
Diakens: André Koen

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Muriel Erasmus wat terugslag in haar gesondheid gehad het en in die hospitaal was word in ons gebede vasgehou. Sy is intussen weer by die huis. **Br Dries de Ridder** se gesondheid is nie goed nie. Ons bid opnuut dat die Here vir hom krag, genade en beterskap mag skenk. So ook **br Kallie Tromp** wat weer in Kalafong hospitaal opgeneem is met ontsteking in sy voet. Mag daar vir hom ook gesondheid kom. **Sr Chrisna Mulder** skoondogter van ds Andries Mulder-hulle wat baie ernstige terugslae in haar kankerbehandeling moes deurgaan word haar, haar gesin en familie weer aan die genadetroon van die Here opgedra. Die ouers van **sr Magda du Plooy** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Beide het groot terugslae gehad en ons gebed is dat die Here hulle en hulle kinders en families in die tyd naby sal wees. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOSTER-AFLOS

Soos u seker reeds kon agterkom br. Flip Minnaar, ons koster is op verlof. Br. Lukas Huisman staan vir hom in. As daar enige sake is wat reëlings rondom die koster aangaan kan u br. Lukas kontak (0722449467)

SUSTER SAAMTREK 2014

Dit is al weer sulke tyd! Vanjaar se saamtrek van susters vind DV op 8 Maart 2014 plaas. Dit word aangebied deur die Gerf kerk Lyttelton. Die spreker sal wees Hettie Britz, plek is NG Kerk Raslouw Eldoraigne. Koste is R100 per persoon. Kontak sr Christine om u name op te gee vir almal wat graag die saamtrek die jaar wil bywoon.

MENS WAAROM LYK DIE WêRELD-SO?

Br Morné Diedericks kom praat met ons hieroor op 22 Feb. 2013 by ons oop-gesprek geleentheid hierdie kwartaal. Tyd 9h30. Waarlik iets om na uit te sien!

ETE NA NAGMAAL

Ons reëlings vir ons gemeente-ete met Nagmaal werk weer soos verlede jaar. Met ons eerste ete vir die jaar is die spyskaart koue vleise, slaaie, broodjies en konfyt

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Emeritaats-fonds Intand-houding
23/02/2014 **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Emeritaats-fonds Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
16/02	Voorbereiding en Belydenisaflegging
23/02	Nagmaal en Nabetragting
11/03	Finans– en Adviesvergd
13/03	Kerkraadsvergd
28/03	Skole sluit

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn.

Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

HARTKLOP-FEES

Dit vind DV op 15 Maart 2014 plaas, ten bate van die Pres Kruger Kinderhuis. Alle inligting is op kennisgewingbord. Kaartjie is by *itickets* beskikbaar. U kan ook met sr Retha v/d Merwe hieroor praat. Ons kan in hierdie kinders se lewens 'n verskil maak!

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 10

10:23, vlug – Dit is belangriker om die Evangelie te versprei, as om noodwendig in een plek te volhard. Gelowiges is nie kleinmoedig, as hulle uitwyk na waar hulle nie vervolg word nie. Die geskiedenis wys in elk geval uit dat, al moes gelowiges uitwyk uit plekke, die reeds geplante saad tog daar bly groei het.

Stede van Israel – Dit beteken nie dat die Woord net in die land israel beperk moes bly nie, maar gaan om die Evangelisering van die **Jode**, wat ook tot op die eindtyd sal duur. "Stede" bedoel dan eintlik op die nageslagte van Israel as geheel. Tog meen sommiges dat dit eintlik beteken dat selfs tot die einde nie eers die hele land Israel bekeer sal wees nie.

10:24-25 – Twee dinge word deur verklaarders hierin gelees. (1) Soos Jesus die Dissipels geleer het dat hulle soos Hy, hulle Meester, moet word in diens aan mekaar (Joh 13:13-17), moet hulle nie groter as hulle Meester wil wees nie: Dit is die gesindheid waarin die Woord versprei moet word. (2) Hulle moet nie kleinmoedig word in die teenstand nie – as `n huis in diens van Satan staan, sal daardie mense net soos hulle meester wees. (3) `n Derde gedagte hierby is dat die Christene deur sulke mense nie ontsien sal word nie.

10:26, vrees . . . nie – Moenie dat vrees julle bind in julle getuienis nie. Die vervolgers se dade sal openbaar word in die laaste dag.

10:27 – Die Christene moet hulle geloof nie verberg nie, maar dapper in die stryd wees.

10:28, die siel nie kan doodmaak nie – *Hierna is verwys in `n artikel oor die "neergedaal na die hel" deur Christus: Ook wat Christus Self betref, is hierdie woorde van Hom uiteindelik bewaarheid in Sy lyding. Pilatus kon net die liggaam aan die dood laat oorgee. Daaruit leer die gelowiges om in lyding "nie soos skuldiges en kwaaddoeners nie, maar as onskuldig en met `n goeie gewete alles te verduur." 1 Petr 4:16 word in hierdie verband deur Totius gebruik*: "Maar wanneer iemand as `n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig."

10:29-31 – As diere se lewens nie by God verby gaan nie, en selfs jou hare getel is, hoeveel te meer is Sy hand nie op Sy gelowiges nie. Moenie kleinmoedig wees nie.

10:32-33 – Die troos van die vorige verse word verder gevoer met die belofte van Chrisus se trou. Hy sal ook in die oordeel terugkom by dié wat Hom verloën. Wie swig voor die aardse openbare mening, sal deur Christus ontken word, wanneer hulle in die oordeel staan.

10:34-37, vrede . . . swaard – Met Christus se geboorte sing die engele "vrede op aarde", en met Sy eerste verskyning aan die Dissipels na die opstanding het Hy ook gesê "My vrede gee Ek aan julle."

Hoe rym dit dan met die woorde wat Hy hier sê ? Hy bring die swaard !

In `n oordenking in Die Kerkblad van 23/12/1949 praat Totius oor hierdie vrede. Hy antwoord ons vraag hierbo met die woorde dat ons in ***profetiese sin*** *nou al sing van vrede op aarde. Die eintlike vrede breek met dieWederkoms van Christus aan.* In die lig van die Openbaringe en die Profetiese Rede *verwag ons nou groter smart en ellende as ooit in die geskiedenis. "Maar ons hef ons hoofde op, omdat ons weet dat ons verlossing naby is (Luk 21:28)."*

In `n ander sin bestaan die vrede nou reeds wel: Om in Christus met God versoen te wees, is om selfs onder die ergste omstandighede **vrede** in die hart te hê.

Tweedrag - Ons moet ook nie terugdeins wanneer ons die skeiding belewe, wat deur die Evangelie kom nie, al is dit hoe seer en al is dit tussen aller-naastes.

10:37, My nie waardig nie – Is hierdie nie die hardste woorde nie ! Ons wil dan uit die Woord leer dat die gesin `n bousteen van die Kerk en Koninkryk is ?

Ook hierop antwoord Totius op sy kenmerkende manier. Ouers wat onder die invloed van die individualisme wil sê dat hulle niks kan doen om hulle kinders se rigting te bepaal nie, wil met `n valse vroomheid alles "maar aan die Here oorlaat."

Dit bots al met wat mens raak moet hoor in die woorde van Josua (24:15b) dat hy en sy huis die HERE sal dien. In ***vertroue in die God van die Verbond*** *moet mens dit kan sê. Christus se woorde in 10:37 plaas die verpligting op die gelowiges ouers om hulle band van liefde met hulle kinders "afhanklik te maak van die liefde tot die Here."*

Dikwels het ouers ongelowige en wêreldse kinders liewer as die HERE. `n Besliste houding moet ook die Kerk bewaar teen indringing van ongeloof en die wêreld. "Losheid, gejaagdheid, onbeslistheid en pessimisme" word gebore uit karakterloosheid. Dit is kenmerk van ons tyd. Die Woord moet ons staal. Karaktervas word die wil van God gehou. Daarmee word nie gespeel nie. Dan is mens `n geloofsheld wat die belydenis hou.

Nie familiebande nie, maar verbondenheid met Christus moet in ons lewens die deurslag gee. Selfs op hierdie vlakke moet die gelowiges Hom verkies bo die aardse bande wat ons bind.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

12 Feb. 1972– Dr. AD Keet oorlede; *13 Feb. 1858*– ZAR se eie grondwet, vlag en wapen amptelik in gebruik geneem; *14 Feb. 1687*– Eerste hoeksteen van die NG kerk Stellenbosch word gelê; *16 Feb. 1905*– Die Teol. Skool word van Burgersdorp na Potchefstroom verskuif; ; *16 Feb. 1838*– Dr. Arnoldus Pannevis gebore; *16 Feb. 1915*– Geboortedag van Elizabeth Eybers; *18 Feb. 1546*– Martin Luther oorlede; *21 Feb. 1877*– JD du Toit (Totius) gebore ; *22 Feb. 1857*– Grasdak kerk waaraan Kerkplein in Pretoria sy neem ontleen word in gebruik geneem